

Redaksie

Ds. E. Viljoen, Bellville
emyn04@gmail.com

Dr. C. Saayman, Kaapstad
saay@isales.co.za

Medewerker

Ds. J. van der Linden, Johannesburg
johannesvanderlinden@yahoo.com

April 2009 **Nommer 76**

INHOUDS OPGAWE

'n Nuwe begin

...1

Nie déúr ons nie, ook nie sónder ons nie

...3

Die Heilige in die wêreld

...6

Gepas gekleed

...8

Die Koolstof-14 dateringsmetode

...11

Gestuur na die wêreld

...13

Laaste fase van die bouwerk

...15

'n Nuwe begin

CJ de Ruijter

Weer begin?

Soms dink jy: "Ek wens dat ek van voor af kan begin." Dit kan oor iets kleins wees. Soms vlot 'n gesprek glad nie, omdat jy iets verkeerds gesê het. Dan kom daar afstand in plaas van toenadering en kontak. Dan dink jy: "Ek wens dat ek dit nie gesê het nie." Kon ek maar van voor af begin ... Partymaal is dit nog veel ingrypender. Dit kom voor by egpare. Na jarelange huwelikslewe het man en vrou soms uitmekaar gegroei. Daar loop 'n groot skeur deur hulle lewe saam. Maar hulle kan tog nog goed onthou hoe goed dit was toe hulle saam begin het. Dan dink hulle gereeld: Kan ons dit maar net weer oordoen.

Dit kan egter nie. Ons kan nooit weer iets verander aan die verlede nie. Wat gedoen is, verander jy nooit weer nie. Niemand maak die rassehaat in ons wêreld ongedaan nie. Ook nie rusie in die familie, twis in die kerk of oorlog wat alles verniel nie. Daardie wonde is toegedien. Die pyn wat jy gelei het kan jy nie ongedaan maak nie. So gaan dit in die lewe. Ons kan ons lewe nie meer órdoen nie.

Die begin

God het op aarde gesê: "Ek gee vir jou 'n nuwe lewe." Ons smag soms daarna om 'n nuwe begin te maak. Maar Goddank, die nuwe begin is reeds daar. Christus het opgestaan. Ons nuwe lewe het dáár begin. Die nuwe begin moet ook régtig van God af kom.

Want partykeer sou jy regtig wil oor begin. Maar dan is die vraag: wáár sou jy nuut begin? As ek vasloop in 'n gesprek en die kontak met iemand opmors, is dit dan genoeg as ek die gesprek weer oor begin? Maar wie waarborg dat ek dit nie weer verkeerd sal doen nie?

As twee mense hulle huwelik sien strand, is dit dan genoeg as hulle weer oorbegyn by hul troudag? Wie sê dat hulle mekaar nou wel sal vashou? Waar kom dit eintlik vandaan dat die lewe so verbrokkel? Waar lê die begin van die kwaad?

Toe Adam en Eva hulle dooie kind, Abel, gevind het, het hulle seker ook terugverlang na 'n nuwe begin. Kan ons dit maar net oordoen. Sou dit dan genoeg wees as hulle net 'n nuwe begin maak met Kain en Abel se opvoeding? Sal dit dan wél goed gegaan het? Of sou die begin dalk nog verder terug moes wees? Ek dink dat juis Adam en Eva baie goed geweet het dat hulle nog verder terug moes gaan. Kon ons maar teruggaan na die paradys. Kon ons maar opnuut kies teen die voorstel van die slang. Want dáár lê die begin van die kwaad. Dáár kom dit vandaan dat ons lewe ten gronde gaan.

Opnuut begin?

Wie van ons kan dit doen? Watter mens kan na eeue se kwaad weer opnuut begin? Niemand, want die kwaad sny alles af. Dit is 'n graf waarin ons lewe doodloop. 'n Nuwe begin? Ons verwerklik dit nie! As daar 'n nuwe begin kom, dan moet dit van God af kom.

Goddank, die begin is reeds daar. Paasfees is God se nuwe begin met ons. GOD se nuwe begin met óns. Ervaar jy eintlik die gevoel dat Paasfees ook regtig iets met jóú lewe te make het? Na so 'n fees gaan jy gou oor tot die normale dinge van elke dag. So 'n fees bly maklik slegs 'n eilandjie. 'n Vreemde element wat niks te make het met jou verdere lewe nie.

Na 2000 jaar hoor jy nogsteeds die oorbekende verhale. Maar nou ja, dit het 2000 jaar gelede gebeur. Wat kom jy nou agter van Paasfees? As die feesdae verby is, is die werklikheid net so grys en doods soos voor die tyd. Dan kan die nuwe lewe onwerklik lyk.

Ja, maar dit gebeur juis omdat die kwaad alles afsny. Die kwaad is soos 'n oop graf waarin ons lewe doodloop. Maar die graf is *oop*. Dit is oopgebreek deur Christus. Ons kan nie meer terug tot agter ons skuld nie, maar Hy wel.

'n Veelbelowende begin

Ons kan nie meer terug tot agter die kwaad van ons lewe nie. God wel. Dank God dat ons deur Christus se opstanding wedergebore is. Tóg 'n nuwe begin. Maar dan regtig 'n nuwe begin vir ons. Paasfees is jou geboortedag.

Sou jy iets agterkom van die nuwe begin? Die antwoord op hierdie vraag lê in ons eie lewe. Dit is die Christelike hoop.

Vir baie mense is hoop iets wat te make het met 'n gemis. Jy hoop dan dat die gemis sal verbygaan. Byvoorbeeld in 'n tyd van oorlog. Jy word so verniel deur die geweld en die stryd, dat jy hoop dat daar weer vrede sal kom. Dit moet tog kan regkom? Dit moet tog 'n keer verby wees – dit lê in dié hoop opgesluit. Maar wat is die hoop werd? Hoe seker is dit? Hoeveel lewe is daarin? Kan ons net weer terug tot voor dit alles? Kan ons self die nuwe begin maak? Dit is tog 'n ydele hoop.

Kyk dan maar na die Christelike hoop. Die hoop van 'n Christen is geen onsekere verlange wat opkom uit 'n gemis nie. Die hoop kom óp uit wat jy gekry het. Jy het die nuwe lewe al gekry. Die begin is alreeds daar. Daarom is die hoop so lewendig. So lewendig soos Jesus Christus. Die nuwe begin belowe dat dit regtig anders gaan word.

**Maar Goddank, die nuwe begin
is reeds daar.
Christus het opgestaan!**

Let op die oes

By hierdie begin pas 'n ryk einde, want ons weet dat daar iets moois gebeur as God opnuut begin. Ons weet dit tog reeds van die eerste begin af? As God iets nuuts maak, dan is dit soos 'n paradys. So was dit in die begin gewees en God het gesien dat dit goed was. Maar dit het kwaad geword. Die paradys het verlore gegaan. God het gesien dat die hart van die mens boos was. Die aarde wat Hy so mooi en goed geskape het, het vuil geword van die kwaad. Die lewe wat Hy so sterk gemaak het, het stukkend gegaan. Soos 'n blom wat verwelk het.

Wie kan dit verander? God. Hy sê: Kyk, ek maak alle dinge nuut. Vanaf Paasfees gaan jy dit sien gebeur. Die eersteling van die oes word binnegehaal. Later volg die hele oes.

Die nuwe begin is reeds daar. God se nuwe begin. As jy God ken, is daar tog die belofte van 'n ryk einde?

Upon a life I did not live, upon a death I did not die;
another's life, another's death, I stake my whole eternity.

- Horatius Bonar

Groei

Hou die begin vas, dan sal jy na die ryk einde toe groei. Die einde is nog nie hier nie. Dit kom regtig eers heeltemal aan die einde. Maar dit kom wel, want God het al 'n nuwe begin gemaak.

Dit is 'n ongelooflike uitgangspunt om elke dag mee te begin. Staan maar soggens op met die herinnering: daar is 'n nuwe begin van God in my lewe. Dink maar bietjie na oor hoe dit vrug kan oplewer. Kyk maar goed na jou eie lewe. Juis daar waar jy moeite ervaar, moet jy Paasfees bo jou lewe plaas.

Die steen rol weg. Die gevangenis breek oop. Hierdie begin belowe groot dinge. Vanuit hierdie veelbelowende begin kan jou lewe begin groei. Hoe kan ons dit verstaan? Net God kan.

Nie déúr ons, ook nie sónder ons

A de Snoo

'n Christen – die naam sê dit al – het iets te doen met Christus. Christus wat nou bo in die hemel is. Christus wat weer terugkom uit die hemel. 'n Christen is dan ook iemand wat boontoe en vorentoe kyk. Christus is deel van sy lewe en hy verlang na Christus. Of anders gestel: die ware Christen is 'n progressiewe mens.

'n Boek vol beloftes om jou met 'n sterk verlangete laat uitsien na wat kom

In die algemeen sal duidelik wees dat die mate waarmee ons verlang na die toekoms, bepaal word deur die verhouding wat jy nou reeds met Christus het. Hoe sterker die verhouding is, hoe sterker die verlangete ook sal wees.

Maar daar is ook nog meer dinge wat ons kan help om verlangend uit te sien na Christus se wederkoms.

Verlangete word ondersteun deur 'n stimulerende vooruitsig

Nie slegs dit wat in die Bybel oor Christus self vertel word, kan jou help om te verlang na Sy wederkoms nie. Ook wat jy alles oor Sy Ryk daarin teëkom.

Dit begin alreeds in Genesis 1 en gaan verder tot in Openbaring 22. In die laaste hoofstuk lees jy oor die nuwe hemel en die nuwe aarde. Dit vertoon duidelik die trekke van die ou paradys!

Hoe boeiend kan dit nie wees om die Bybel so te lees nie: soos 'n boek vol beloftes om jou met 'n sterk verlangete te laat uitsien na wat kom. Genesis 1, 2 en 3: geen ou verhale nie, laat staan nog oordrewe stories. Maar: die geskiedenis van God met Sy volk.

Genesis 12 e.v.: As God aan sy volk 'n land belowe, wat oorloop van melk en heuning, dan sê dit ook iets vir ons. Dit sê dan: Dit kan nie opgebruik word nie, so ongelooflik sal die lewe wees in die wêreld waarheen God met Sy volk oppad is.

'n Wêreld vol vrede (Jes. 11). 'n Wêreld vol vreugde (Jes. 35). 'n Wêreld – eindeloos (Jes. 65). Ek het reeds Op. 22 genoem. Daar gaan dit oor 'n rivier met die water van die lewe met aan weerskante bome, wat twaalf maal vrugte dra, elke maand sy vrugte gee: die paradys in kwadraat! Die Skrif druk homself beeldend uit om die mooi en onbekende van die komende koninkryk te wys.

Jy moet wel versigtig met die *beelde* te werk gaan. Hulle is bedoel om ons verlangete te sterk. Nie om juis die teenoorgestelde te bewerk nie: geen verlangete, maar 'n afkeer. In die sin dat iemand opmerk: “Strate van goud? – ek wil nie eers daaraan dink nie”. Of: “Al die singende mense voor God? Altyd in die kerk sit? – dis nie iets vir my nie.” As ek my nie misgis nie word veral heelwat jongmense deur sulke gedagtes oor die lewe ná hierdie lewe gepla. Hulle word eerder daardeur afgeskrik as gestimuleer. Terwyl dit nie nodig is nie!

Die Bybel sélf bied beslis nie 'n vervelige vooruitsig aan ons nie. Maar dan moet ons die getuienis van die Skrif wel góéd deurgee.

Hy is wys wat gee wat hy nie kan bewaar nie, en wat vermeerder wat hy nie kan verloor nie.

- Jim Elliot

Reeds aan die kleinste kindertjies in die kerk. Dit tref my elke keer weer hoe lank die verhale en sommige voorstellings van skool en uit kinderbybels nog 'n uitwerking het op kinders. Byvoorbeeld die voorstelling dat as jy glo, sal jy later in die h emel kom – dit is waaroor die geloof gaan!

Is d it egter DIE BOODSKAP van die Skrif? Die hemel as die groot einddoel?

Jong kinders sal in hul puberteit sommer beweer dat die hemel nie so belangrik is nie ... Om dit te voorkom, sal ons ons kinders reeds van 'n jong ouderdom af reg moet leer. Deur byvoorbeeld aan redelike jong kinders vanuit Bybelgedeeltes soos Gen. 1 en 2, Jes. 11 (!) en Op. 21 en 22 te wys wat die einddoel van die geloof is: dat God Sy doel van die begin bereik.

Wat Hy reeds by Adam beoog het: S y gelukkige saamleef met die mens in Sy w reld. Sonder dat dit ooit nog deur enige sonde, siekte of oorlog versteur word. 'n Nuwe w reld wat uiteindelik nie 'n ander een is as die een waarin ons nou lewe nie.

Alles sal wel deur die vuur gaan (2 Pet. 3). Maar dit is niks anders as wat by die sondvloed deur die water gebeur het nie: reiniging van die bestaande. Wanneer alles gereinig is, kom dit skoon anderkant uit.

In verband hiermee kan 'n mens goed met ouer jeugdiges praat oor die sin van hulle studie, hul werk, die sorg vir die natuur en omgewing, ens. Of dit alles ook waarde het. Want later volg daar nie 'ewig in die kerk sit' of 'ewig niksdoen' nie.

Jy mag die gawes wat jy in hierdie w reld reeds ontwikkel het, dan volk ome gebruik in God se nuwe w reld. Dink jy dat Adam v oor die sondeval sy aartappels net s o op sy bord gekry het? Hy moes daarvoor werk! Vir ons beteken dit dat werk goed is. Menseverhoudings sal ook goed wees.

Kortliks: moenie dat ons onself en ons kinders in die pad staan met al die beperkte of verkeerde toekomsbeelde nie. Hierdie stimulerende vooruitsig is des te meer van belang, omdat die verlange van die Christelike kerk vandag bevraagteken word.

Verlange kan beproef word deurdat die vervulling wat lank wegby

Die probleem l e dus nie by die Bybel as ons nie altyd met ewe sterk verlange uitsien na die koms van Christus nie. Die Bybel spreek 'n duidelike taal. In hierdie w reld is daar egter nog meer stemme hoorbaar. Stemme met 'n ander taal. Die apostel Petrus waarsku ons reeds daarvoor in sy tweede brief. Hy wys na die spotters wat (sal) s e: "Hoekom word die belofte van Sy koms nie waar nie" Wie is so dwaas om nog te glo in die belofte van iemand wat tweeduisend jaar gelede ges e het, dat hy *spoedig* weer sal kom?

**Dit is 'n teken van die tyd
as die tekens van die tye
geen betekenis meer vir jou het nie.**

Dit is ook nie die enigste wat sulke spotters doen nie: hulle vra vrae oor die betroubaarheid van God se beloftes, met verwysing na die uitbly van die vervulling daarvan. Hulle doen nog meer, of liever – hul aanstigter, die Satan, doen nog meer. Hy sorg selfs vir ander toekomsverwagtings, 'n ander nuwe w reld (kyk hieroor onder andere na 2 Thes. 2).

Om in hierdie situasie nogsteeds te bly verwag, het ons geopende o e nodig. Geopende o e vir die sogenaamde 'tekens van die tye' en vir 'die betekenis van die tussentyd'. Oor albei hierdie sake kortliks iets:

1. Die tekens van die tye

Dit gaan oor allerlei gebeurtenisse wat ons daarby bepaal dat die mens kan begin dink dat hy self die nuwe w reld tot stand kan bring, maar tog kry hy dit nie reg nie. God laat hom vasloop of misluk.

Hy kort mense in. H y gee steeds weer tekens. Deur aardbewings, oorlo e, gerugte van oorlo e. Tekens wat vir die gelowiges tegelykertyd wys dat God die w reld en dus ook Sy beloftes regtig nie vergeet het nie!

Dit is 'n teken van die tyd as die tekens van die tye geen betekenis meer vir jou het nie.

Man knows mighty little,
and may someday learn enough of his own ignorance
to fall down and pray.

- Henry Adams

2. Die betekenis van die tussentyd

‘n Tweede ding wat belangrik is om te bly uitsien na Jesus se koms, ondanks dat dit al eeue duur, is: ‘n goeie sig op hierdie ‘tussentyd’. Ons kan hier leer van Petrus, wat in antwoord op die spotters met hul vraag ‘Hoekom word die belofte van Sy koms nie waar nie?’ sê: ‘die Here talm nie om sy beloftes waar te maak nie’.

Alles wat die vreugde van hierdie tyd enigsins sou kon temper, gaan nie saam oor die drumpel nie.

Weet die Here wat Hy doen? Hy wil dat álmal tot bekering moet kom. Almal vir wie Christus Homself gegee het.

In Ef. 4 wys Paulus daarop dat Christus hemel toe gegaan het om alles tot *volheid* te bring. Hy skryf dit in verband met die opbou van die Christelike gemeente. Eers sal die gemeente kwantitatief en kwalitatief ‘klaar’ moet wees. Dan kom Hy weer.

Kyk ook na Matt. 24:14: ‘En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot ’n getuienis vir al die nasies, en dan sal die einde kom’.

Daarom kom Hy geen dag, geen uur te vroeg nie. Maar regtig ook nie ‘n minuut te laat nie.

Verlange kan gedemp word deur die komende gerig

Daar is nog ‘n stem wat in die pad kan staan van ons verlange. Nie ‘n stem van buite-af nie, maar van binne-uit. ‘n Stem van binne, wat vir jou sê: ‘Maar gaan daar nie ‘n vreeslike gerig aan die nuwe wêreld vooraf nie? Moet jy nou daarna verlang? Dat jy binneste-buite gedraai word? Alles van jou bekend gemaak word?’

Dat jy voor jou buurman, jou kollega of miskien jou eie kind blootgelê word. Twee opmerkings hieroor:

1. Die Skrif sê inderdaad baie duidelik dat alles in die gerig kom.

Die boeke gaan geopen word. Maar dit is nog iets anders as dat ander alles oor jou te wete kom. Vir elke oog sal eenmaal blyk hoe beslissend elkeen se verhouding tot God is, in Christus. Elkeen wat ‘n plek ontvang in God se nuwe wêreld, sal weet: dit is ‘n plek wat ek nie self verdien het nie, maar enkel en alleen te danke het aan Christus. Alle rede is dus daar om Hom ‘n eeuwigheid lank te dank!

Wat die sonde betref, mag ‘n gelowige weet: ‘ook my sondes sal bekend word, maar as sondes wat vergewe is!’

2. Wat betref die veroordeling van ander: dit is en bly ‘n vreeslike werklikheid. Ek kom slegs daarmee reg as ek kyk na en glo in God se regverdigheid. Elkeen wat nie ‘n plek kry in God se nuwe wêreld nie, sal weet waar hy dit aan te danke het. Vertroue is nodig om dit hier en nou oor te laat aan God.

Ons mag die Here, as ouers van ‘n afgedwaalde kind byvoorbeeld, gelukkig Self daarvoor vra. Bid vir ‘n Skriftuurlike sig en vervolgens ‘n ope hart vir God se regverdigheid!

Vir dié dag geld dan Sy belofte uit Jes. 65, dat aan dit wat was, sal nie meer gedink word nie: alles wat die vreugde van hierdie tyd enigsins sou kon temper, gaan nie saam oor die drumpel nie.

Verlange is 'n onmisbare stimulant om te bly bou aan die huis van die Here

Verlange – dit is die moeite werd om mekaar daarop te bly aanspreek. Juis om vandag ‘n waaksame en lewende kerk te wees. As ons regtig verlang, dan bly ons nie meer stilsit nie.

Christus kom weer as sy bruid klaar is en die getal van die uitverkorenes bereik is (kyk na Ef. 5:27, en ook wat ons hierbo opgemerk het oor die woord ‘volheid’ in Ef. 4:10). Die besef hiervan kan die lewe van die gemeente regtig ten goede kom. Want as jy weet dat Christus kom as die bruid gereed is, mag jy die volgende verwag:

**Ons ken nie slegs God deur Jesus Christus nie.
Ons kan ook nie onself ken behalwe deur Jesus Christus nie.**

- Blaise Pascal

- Jy sien die roeping om jouself te heilig, sodat Hy 'n rein bruid voor Vader kan bring.
- Jy sien jou roeping om saam 'n mooi gemeente te wees, vol van die Gees.
- Jy sien jou roeping om saam te werk aan die bou van die kerk deur self ook stene aan te dra, sowel deur evangelisasie- en sendingswerk as deur gesinsvorming.

Nie dat die nuwe wêreld enigsins weer sal kom deur ons as mense se werk nie. Openbaring 21 wys ons die nuwe Jerusalem wat *neerdaal uit die hemel*. Dit is en bly 'n geskenk van Bo. Geen eindresultaat van menslike inspanning, die einde van 'n geleidelike proses nie. *God self sal ingryp*. Baie radikaal, 2 Pet. 3. *Sy hande sal dit alles voleindig!* Net soos hierdie eerste wêreld. Maar, oppad na die tweede wêreld, is dit Hy wat ons Self *by die hand* wil neem. Hy self wil ons gebruik, inskakel vir die mooiste wat nog sal kom. Wat 'n Vader!

Hoe mooi moet dit wees om later altyd in Sy huis (Joh. 14) te mag woon. Om met Hom en Sy Seun te mag saamleef en saamwerk. 'n Fees wat vir dié wat verstaan, hiér reeds mag begin.

Die Heilige in die wêreld (Exodus 19)

E Viljoen

Verlore gaan van heiligheid

Baie dinge het in die moderne wêreld verlore gegaan. Dit wat voorheen onafskeidbaar deel van ons leefwêreld en kultuur was, het uit ons wêreld verdwyn. Een van die belangrikste dinge wat uit ons moderne wêreld verdwyn het, is die besef van die "Heilige". Wat bedoel word met "heilig" of "die heilige", is dit wat onderskei kan word van die gewone en alledaagse. Die heilige is die "buitengewone" – dit wat van buite ons gewone menslike lewens in ons wêreld kom. "Heilig" dui op dit wat "in aanraking met"/naby aan God gekom het.

Dink byvoorbeeld aan die kultus rondom die "Stone Hedge" in Engeland. Drie kilometer wes van Wiltshire, is daar 'n sirkelvormige klipstruktuur wat volgens argeoloë dateer vanaf

3000 v.C. Dertig regop klippe word aan die bokant verbind met dwars klippe om 'n sirkel met 'n deursnee van ongeveer dertig meter te vorm. Binne die sirkel is daar nog 'n klipvormasie in die vorm van 'n perdeskoen met 'n oop einde in die rigting van die opkomende son. In hierdie rigting is daar 'n altaarklip geplaas. Dit is baie duidelik dat wat die betekenis van hierdie bekende rotsformasies ook presies was en vandag nog mag wees, daar *rituele betekenis* aan die plek toegeken is en as 'n "heilige plek" in mense se lewens begin funksioneer het.

Christelike geloof en "ontheiliging"

As die kerk nog nie hiervan bewus geword het nie, moet ons wel besef dat selfs die god-lose kultuur begin soek het na wat in hierdie wêreld nog heilig is. Kenmerkend van talle kultuurfilosowe se soeke aan die einde van die 20'ste eeu was en word steeds gekenmerk deur 'n soektog na wat heilig is in hierdie wêreld. Dikwels word *juis die christendom* verwyrt dat ons geloof verantwoordelik is vir die verlore gaan van wat heilig is in hierdie wêreld. Hoe is dit moontlik dat juis die Christendom van so iets beskuldig kan word?

**Dit is heilig,
omdat die Here mense, plekke,
tye en voorwerpe met Homself
in verhouding laat staan.**

Die aanklag is as volg: Die invloed van die Ou Testament op die verdwyning van die *heilige offerplekke* word betreur. Die geweldige weerstand van die Here se profete teen die heilige hoogtes en altare, het die gevolg dat die wêreld ontheilig is. Die wêreld waarin mense gewoon het wat eers oral plekke en tekens van "god" gehad het, het totaal verander. Hierdie tendens is voortgesit deur die Christendom. Met die kerstening van Germane en Kelte, was al die heilige bome en plekke van die heidene omgekap en vernietig. Daarvoor moes die Engelse sendeling Bonifasius by Dokkum in Friesland, met sy lewe boet. Dit is inderdaad waar dat dáár waar erns met die geloof in die lewende Here gemaak is, het die bygeloof in allerhande heilige plekke, tye, voorwerpe en persone verdwyn.

Prayer is not so much an act as it is an attitude
– an attitude of dependency upon God

- AW Pink

Die boodskap van die Ou- en Nuwe Testament is een – die Here ons God is een. Daar is niemand naas Hom nie. Die “godewêreld” van die Grieke en Romeine is deur die evangelie “ontmitologiseer” en in daardie betekenis van die woord “ontheilig”. Dit is dus heeltemal waar – die Ou- en Nuwe Testament het nog altyd die doel gehad om die skepping te bevry van al haar “gode”. Een van die heel eerste geleerde kritici van die Christendom, Celsus, het die Christene selfs van “ateïsme” beskuldig! Die Christene het volgens Celsus die wêreld “god - loos” gemaak. Die skepping en God is los van mekaar gemaak – van mekaar *onderskei*. Só verloor volgens Celsus die skepping haar heiligheid.

Wat het dit alles te doen met **Exodus 19** - waar die Here sy volk by sy berg ontmoet? As daar een plek is waar dit behoorlik duidelik word dat daar vir die Here werklik heilige mense, plekke, tye en voorwerpe in hierdie wêreld is, dan is dit by die berg van die Here. Tydens die volk se elf maande verblyf by die berg (Exodus 19 - 40, Levitikus tot Numeri 10) wil die Here juis hierdie een ding duidelik maak – hierdie wêreld waarin ons mag woon, is heilig. Dit is heilig, omdat die Here mense, plekke, tye en voorwerpe *met Homself in verhouding laat staan*. Dit wat enigiets in hierdie wêreld ‘n heilige karakter gee, is die werklikheid dat dit in ‘n verhouding, ‘n lewende band met die Here gebring word.

**Geheel en al heilig.
Heilig, omdat Hy self hulle
volledige aandag het en naby Hom
mag wees.**

En dan is dit so, dat vir die hele Skrif daar geen heilige plekke of mense of tye of voorwerpe los van hierdie band met die Here God bestaan nie. Los van die lewende band met die Here, is alles onheilig en moet dit ook so gesien en hanteer word. Niemand en niks in hierdie wêreld is heilig los van die Here nie. Los van my band met die Here, is ek onheilig. Dit gaan juis hieroor: die Here maak ons werklik heilig wanneer Hy ons na Hom toe bring. Dit is wat Hy met Israel gedoen

het. Op arendsvlerke het Hy hulle na Hom self gebring (19:4) – dít het hulle ‘n nuwe identiteit, ‘n nuwe taak en plek in hierdie wêreld gegee.

Wanneer ons dink aan die bevryding van die nageslag van Abraham uit Egipte, dink ons dikwels dat die eindbestemming die beloofde land, Kanaän, is. Of dalk die berg in die woestyn Sinaï. En ja, dit is so dat die volk by die berg aangekom het. In Exodus is die berg met die eerste oogopslag die bestemming. Maar wanneer die volk by die berg kom en Moses dadelik op die berg gaan om met die Here te praat, gee die Here vir hom ‘n duidelike perspektief op hoe hulle hul hele verlossing uit Egipte en die reis tot by die berg, moet verstaan. Dit is opmerklik uit die geskiedenis van Israel, dat hulle later nie meer geweet het presies waar die berg Sinaï geleë is nie. Ja, êrens in Arabië, maar die presiese plek is glad nie meer belangrik nie. Die rede? *Die Here het hulle nie na ‘n heilige berg gebring nie, maar NA HOMSELF!!*

‘n Koninklike priesterdom

Dit klink vreemd om te dink dat die Here self die bestemming van die volk was. Was Hy dan nie al by hulle in Egipte nie? Ja, die Here herinner hulle selfs aan wat Hy self aan die Egiptenaars gedoen het. Die herinnering aan die tien tekens en die verlossing deur die see, is genoeg om te besef dat die Here by hulle was – in die wolk- en vuurkolom! Op arendsvlerke het Hy hulle gedra. Wat ‘n pragtige beeld van ‘n dier-ouer wat met groot sorg en krag sy magtelose kleintjie versorg en beskerm. Vlerke wat kan dra wanneer die kuiken swak is. Vlerke wat kan oordek en beskerm wanneer daar bedreiging en gevaar naby is. Só naby was die Here. En tog was dit nie die eindpunt nie. Die eindpunt is om by die Here te wees in aanbidding. Geheel en al heilig. Heilig, omdat Hy self hulle volledige aandag het en naby Hom mag wees. Hy is nie net daar om hulle te help nie. Hy is daar om hulle geheel en al vir Homself te hê. Alles wat Exodus 19 voorafgaan, het hierdie een bestemming – Ek het julle op arendsvlerke na my gedra.

Die teenwoordigheid by die Here, gee aan Israel ‘n besondere karakter en status. Wanneer die Here mense by Homself bring, maak Hy hulle heilig. Daarvoor word selfs ‘n heel spesiale beskrywing vir hierdie voormalige slawe gegee. *Hulle word ‘n*

**Ons moet *in* die wêreld wees, en op die breë weg vir God stry.
Want Christus is nie gedood op die smalle weg nie,
maar op die breë.**

- K Schilder

koninklike priesterdom. Slawe wat voorheen deur die koning van Egipte mishandel en misken is, word eg koninklik behandel. Hulle word in en by die koning van die hemel ontvang. Die bedoeling van die bevryding uit die kloue van Farao, is om in die heiligdom van die hemelse koning te mag kom. En om in die heiligdom van die hemelse koning te kom, beteken *dat Hy aanbid word.* Deel van hierdie aanbidding is dat hulle noukeurig sal luister na die stem van die Here. Die manier waarop hulle weer ‘n heilige lewe voor die Here sal kan lewe, sal wees om sy verbond te onderhou. Hulle moes weer erns maak met hóé ‘n lewe naby die Here ingevul moet word.

Die hele aarde behoort aan die Here. Hy beskik oor alles. Maar tog word hulle wat naby aan die Here gebring word ‘n heel spesifieke taak gegee. Die “koninkryk” van priesters moes in die wêreld ‘n heel spesiale posisie beklee. Uit al die volke en afgesonder van hulle, het die Here die nageslag van Abraham geroep om ‘n spesifieke rol te vervul. ‘n Rol ten opsigte van al die ander nasies. Hulle moes laat sien wat dit beteken om naby die Here te leef. Die hele volk. Nie net die priesters nie. Dit wat in Exodus 19 beskryf word, is voorbereidings vir die volk om die Here te aanbid en om te gaan met Sy teenwoordigheid by hulle.

Hoe kom daar weer heiligheid in hierdie wêreld? Die erkenning en ervaring van die Here se teenwoordigheid. Heiligheid kom in die wêreld daar waar mense naby aan die Here gebring word. In sy teenwoordigheid ‘n plek gegee word. Nou is die pragtige dat die Here vir ons en ons kinders daardie plek wil gee. Ons kinders word selfs onderskei van die kinders van die ongelowiges. Ons kinders word heilig, omdat hulle in ‘n lewe met die Here gebring word. In ‘n wêreld wat in menige opsig onheilig geword het, is dit werklik moontlik om heilig te leef. Leef by en naby die Here. Maak erns met die aanbidding van die Here. Dit is hoe Israel hulle roeping om ‘n heilige volk te wees, moes uitleef.

Die manier waarop hulle uitdrukking gegee het aan hulle heiligheid was soos volg. Nadat Moses aan hulle die woorde van die Here voorgehou het, het die hele volk geantwoord: “Alles wat die Here gesê het, sal ons doen. En Moses het die woorde van

die volk aan die Here meegedeel” (vs.8). Die volk aanvaar die lewe naby aan die Here. Dan mag ‘n volk ervaar wat dit beteken dat alles in hierdie wêreld heilig is, want alles behoort aan Hom. Selfs die hele skepping is dan geen gode-wêreld nie, maar wel ‘n wêreld in diens van die Here om op arendsvlerke sy kinders te dra. Dan maak die Here selfs ‘n woestyn ‘n heiligdom. Die water wat eers nie gedrink kon word nie, word soet. ‘n Rots gee water. In die plek van hael wat gereën het om oeste te verniel, reën die hemel brood wat in die woestyn manna genoem is. In die plek van sprinkane wat oeste verniel het in Egipte, word kwartels gestuur om oor te trek, sodat die volk gevoed kan word.

Hy kom na ons...Immanuel

Wanneer die Here so mense na Hom gebring het, word die woestyn ‘n plek waar Hy werklik na sy volk kom op ‘n heel spesiale manier. Op die derde dag het die Here na sy volk gekom op ‘n manier wat hulle werklik kon laat sien dat die hele aarde aan die Here behoort en die volheid daarvan – die wêreld en die wat daarin woon. Die hele berg Sinai het gerook. Die berg het gebewe. Rook het opgetrek soos die rook uit ‘n oond, want die Here het in ‘n vuur op die berg neergedaal. Die wêreld is werklik nie ‘n onheilige god-lose plek nie. Die hele aarde behoort aan die Here en is heilig. Daardie heiligheid word sigbaar waar en wanneer ons in die heilige nabyheid van ons Here leef as ‘n koninkryk van priesters.

Gepas gekleed

JH Bollemaat

Kleredrag is ‘n gevoelige kwessie. Waar in die verlede ‘n sekere standaard van kleding vir openbare geleenthede verwag kon word, het dit nou verander in ‘n ‘anything goes’ gees. Moet daar gevra word vir ‘n ‘kleredragkode’ wat geld vir openbare geleenthede? Ander reken egter dat daar nie vir alles vaste reëls hoef te wees nie. Verskillende benaderings, insigte? Hoe dit ook al mag wees: ons sal dit hier op die lappe bring.

Deesdae sien ‘n mens dikwels – veral op warm dae – meisies met uitdagende, suggestiewe kleredrag:

Although the sovereignty of God is universal and absolute,
it is not the sovereignty of blind power. It is coupled
with infinite wisdom, holiness and love. - L Boettner

sg. “oopmaag-hempies”, laehals T-hempies, en baie kort rompies. Dit wil nie sê dat die seuns altyd so waffers lyk nie, maar die kleredrag van meisies is meer suggererend. Die samelewing wil amper vir ons dikteer hoe ons gekleed moet gaan. Bemarkers het agtergekom die jong mens vandag het nogal geld, geld wat hulle gewilliglik uitgee om klere te koop wat ‘in’ is en wat deur die groep aanvaar word. Ongelukkig het die pronk van jou seksualiteit die grondslag gevorm vir die ontwerp van baie meisies/damesklere. Gelukkig is daar genoeg meisies wat nogsteeds smaakvol aangetrek is, smaakvol sonder om ouderwets te wees en wat met plesier na gekyk kan word.

As Christene moet ons mekaar bewaar vir seksuele verleiding. Heelwat subtiele lis skuil agter die ontwerp van klere.

Maar laat ons ‘n voorbeeld gee: gestel ‘n meisie dra ‘n oop-maag hempie. Sy moet haar tas van die grond af optel en, om die band lekker oor haar skouer te kry maak sy ‘n behoorlike swaai-beweging. In die proses wys sy meer as bloot net haar magie, nou het die omstanders baie meer te sien gekry.

Wat sal die seuns/mans hieromtrent doen? Wat moet hy sê? Dit is vir hom ‘n probleem. Hy voel dat dit nie so hoort nie, maar as hy ‘n opmerking daarvoor sou maak, watter reaksie sal hy kry? Bowendien, as hy verkeerd reageer, word hy dalk ook nog verdink van seksuele intimidasie, met al die gevolge wat daarmee saamgaan.

Laat ons wat dit betref duidelik wees: dit is doodeenvoudig waar dat sekere kleredrag seksuele begeertes kan opwek. Dit is dus te verstane dat in sommige gevalle ingegryp en gesê word: so hoort dit nie. Die veiligheid is in gedrang.

Oorsaak

Dis nie so moeilik om die oorsaak hiervan te vind nie. Hierdie klere is in die mode en dis duidelik dat baie meisies dink dis mooi. Die vraag kan gestel word op watter manier smaak tot stand kom. Aan die een kant is dit persoonlik, jy hou van iets of nie. Maar aan die ander kant het die

maatskappy ook ‘n sterk invloed. Die advertensie-wêreld vertoon voortdurend skraps-geklede vroue om ‘n produk aan te beveel. Die musiekwêreld maak gebruik van videobeelde wat weinig verdoesel. Ons en ons kinders word dikwels blootgestel aan verleidelike beelde. ‘n Besinning oor die gebruik van hierdie media kry in die opvoeding te min aandag.

Te heilig?

Toe dit kom by die bespreking van naakstrande en ‘n Christelike parlamentslid beswaar gemaak het, kry hy die wind van voor. “Hoekom nie, is jy te heilig hiervoor?” Waarop hy antwoord met: “Nee, te sondig”. Dit kan ook op die bespreking rondom die kleredrag van toepassing wees. Is seuns, mans, onderwysers, dosente, predikante te heilig? Nee, maar wel te sondig.

Waarom dra ons klere?

Die antwoord op hierdie vraag vind ons onder andere in Genesis 3. Ná die sondeval het die oë van die mens en sy vrou oopgegaan (vers 7); hulle het ontdek dat hulle naak is. So kan hulle mekaar nie in die oë kyk nie en hulle maak rompe van vyeblare. Die naaktheid het nou skaamte teweeggebring en het om bedekking gevra. Dit is die heel eerste reaksie van die mens op die sondeval! Wat maak die Here God daarmee? Hy vervang die tydelike vyeblare (wat verdor) met duursame kleding: kleredrag van velle (vers 21).

Ons ontvang klere van die Here om ons naaktheid te bedek. Klere bied beskerming teen die klimaat, maar ook teen begerige oë. Die Nuwe Testament is ook duidelik hieroor. Dink byvoorbeeld aan 1 Korinthiërs 6:12-20. Ons liggaam is ‘n tempel van die Heilige Gees en ons word opgeroep om God met ons liggaam te verheerlik. Behoorlike kleding is ook ‘n sieraad (1 Timótheüs 2:9). Dat kleredrag ook bydra tot dit wat die mens uitstraal, is duidelik. Josef het selfs ‘n deftige lang rok gekry (Genesis 37). Jy mag gerus mooi lyk. Feesklere dra by tot die feesvreugde.

Kleredrag het ook ‘n funksie by die aanduiding van ‘n beroep. In sommige beroepe is ‘n netjiese pak klere ‘n vereiste, in ander (soos bv. in die polisie of in die verpleging) ‘n uniform. Dit is herkenbare

‘n Man se hart is reg wanneer hy wil wat God wil.

- Thomas Aquinas

voorbeelde, maar 'n mens kry die indruk dat die kleredrag die laaste tien jaar eerder sterk bepaal word deur die – persoonlike – gevoel. Ook ons is hierin kinders van ons tyd. Die gewoonte om op Sondae feestelike klere aan te trek sien 'n mens in baie gevalle nie meer nie. Klere wat jy in jou vrye tyd dra, kan tog ook op Sondae gedra word? Die erediens hang tog nie af van jou klere nie? Die tye verander en Christene verander daarmee saam.

Verwarrend

Dis opvallend dat juis in die kerklike openbare vergaderings daar gedink word aan 'n kleredragkode. Het hulle die probleem geïdentifiseer? U, ouer, sien tog hoe u dogter die huis verlaat as sy gaan kuier by vriende, winkels toe gaan, Bybelstudie bywoon of katkisasie en kerk toegaan? Wat sê u daarvan? Raak ons te wetties? Laat u as ouers u dogter toe om met uitdagende kleredrag uit haar slaapkamer te verskyn? Praat u by die huis oor kleredrag? Of mag u dogter self besluit hoe en waarvoor haar kleedgeld spandeer word? Wat dink u van 'n kleredragkode vir kerk en gesin? Wat sou daarin vervat moet word?

Die mode verander gedurig. Ons praat nou oor “oopmaag-hempies” en môre dalk oor deurskynende klere; oormôre skryf die mode weer iets anders voor. Uit gesprekke met jongmense het dit opgeval dat dit vir baie van hulle ook moeilik is om 'n goeie keuse te maak. Jy wil tog ook graag aantreklik en oulik lyk.

Reaksie

Die skrywer van hierdie artikels het aan sy lesers gevra om te reageer ten opsigte van hierdie kwessie.

Die meerderheid reaksies was positief. Hier volg 'n paar uittreksels:

- Dit is jammer dat ons deesdae oor verskeie sake – waaronder kleredrag – so verskillend dink.
- 'n Kategeet het genoem dat hy in hul plaaslike kerkblaadje uitdruklik aandag gegee het aan die kleredrag van die vroulike katkisante.
- “Lei my nie in versoeking nie”, dis wat hy in die somermaande bid voordat hy die preekstoel opgaan, meld 'n predikant.

- Nog 'n leser meld: Die kleredrag van veral die jongmense in ons kerk hinder my soms. Ook in ons kleredrag mag ons laat sien dat ons Christene is. As jy 'n kind van die HERE is, moet jy dit ook wys in jou kleredrag.
- Iemand anders het geskryf dat hy as 'n buitestaander in die kerk was en dat hy aanstoot geneem het aan die mini-rompies, oop rûe, sigbare onderklere, stywe broeke, ens.
- Ten slotte is genoem: In die kleinste sosiale eenhede, dus die gesinne, gaan dit verkeerd met die moraal, en dis nie moontlik om daar maatreëls te tref nie. Dus moet dit gedoen word in die katkisasieklasse, jeugverenigings, ens. omdat daar gesaghebbende leiding is.

Bewaar jousef

Ons kry klere om ons naaktheid te bedek. Dit is die gevolg van die sondeval. Tans lewe ons in 'n wêreld wat juis die sonde uitbuit en verheerlik. Met alle gevolge wat daarmee saamgaan. Ons as Christene moet daarteen stry. Seuns en meisies, dink goed na oor julle kleredrag. Julle kies verseker julle klere bewus en sorgvuldig uit. Maar hoe kies julle? Wie is jy? Hoe wil jy dit deur jou kleredrag wys?

**Jou klere laat sien wie jy is.
Jy behoort aan God.
Hy bepaal jou identiteit.**

Waarom so 'n kort rompie, sigbare onderklere of stywe broek? Wat wil jy daarmee bereik? Hoe wil jy hê dat 'n ander jou sien en wil jy regtig so bekyk word? Jou klere laat sien wie jy is. Jy behoort aan God. Hy bepaal jou identiteit. Hy wil jou Bewaarder wees, maar Hy roep jou ook op om jousef te bewaar (1 Petrus 1:16). Bewaar jousef as kind van God deur jousef ordentlik te klee. Dit is nie outyds nie! Jy is deur God geskape en jy is uniek. Jy het jou eie smaak en styl; sorg dus ook vir 'n goeie keuse t.o.v. jou kleredrag. Julle is in baie opsigte krities en dis goed so. Doen dit ook t.o.v. julle kleredrag.

Bewaar mekaar

'n Meisie sê: “Ek is 15 jaar oud en ek wil graag net so lyk en net so aantrek soos al my vriendinne.

A man can no more diminish God's glory
by refusing to worship Him than a lunatic can put out the sun
by scribbling the word 'darkness' on the walls of his cell.

- CS Lewis

Verstaan u dit?" Natuurlik sal 'n mens dit verstaan. In die puberteitsjare is minderwaardigheidsgevoelens soms baie sterk aanwesig. Groepsdruk is dan baie groot. Jy wil nie anders wees nie. Jy het reeds genoeg probleme en sien nie kans vir nog nie. Veral nie as dit gaan oor kleredrag nie. Ouers is in hierdie opsig soms baie toegeeflik. Eintlik hou ons ook nie daarvan nie, meen hulle, maar ons dogter kry reeds so swaar...

Jy mag aan almal laat sien dat gepaste, kuise kleredrag nie vervelig is nie.

Jongmense is soms baie hard teenoor mekaar en 'n mens het baie moed nodig om daarteen in te gaan. Hoe hartseer is dit nie dat hierdie hardheid ook in die kerk, in die gemeente van Christus, voorkom. Ons moet mekaar, as kinders van een Vader, vir hierdie kwaad bewaar. Ons moet eerder help deur mekaar volledig te aanvaar. As Christene moet ons mekaar bewaar vir seksuele verleiding. Heelwat subtiele lis skuil agter die ontwerp van klere. Links en regs word seksuele begeertes opgewek. Bewaar veral die jong mans vir verkeerde gedagtes. Jou liggaam is immers te kosbaar! Verheerlik God met jou liggaam (1 Korintiërs 6:20); daarby hoort gepaste kleredrag. Jy mag jouself klee soos dit pas by jou identiteit; dit is vir Christene 'n uitdaging. Jy mag aan almal laat sien dat gepaste, kuise kleredrag nie vervelig is nie; en stimuleer mekaar deur goeie, gepaste klere te dra. Ek stem saam dat daar in die skole, katkisasieklasse en jeugverenigings duidelike reëls t.o.v. kleredrag moet wees. Is 'n kode daarvoor nodig? Moontlik, maar vandag se kode kan môre al weer verouderd wees. Ons vind 'n duidelike reël in Sondag 41, vr. en antw. 109: *Daarom verbied Hy alle onkuise dade, gebare, woorde, gedagtes, luste en alles wat 'n mens daartoe kan verlei.*

Laat ons mekaar daarop aanspreek en mekaar daarop aandrang.

Bewaar jou kind

Ouers, julle moet oog hê vir die vrae van julle opgroeiende kinders. Laat hulle nie alleen aansukkel met die moeilike keuse t.o.v. hul kleredrag nie. Deur voldoende geld te gee sodat

hulle self hul klere kan koop, is u nie vry van u verantwoordelikheid as opvoeder nie. Wees krities t.o.v. u eie kleredrag sowel as dié van u dogters. Hulle het u nodig! Help hulle as hulle moet kies. Natuurlik hoef hulle nie u smaak en styl oor te neem nie.

Gee hulle verantwoordelikheid, maar een wat pas by hul ouderdom. Sê eerlik aan hulle wat jy dink van die klere wat hulle gekoop het en die boodskap wat dit oordra. Dit kan soms gebeur dat dit nodig is om die kledingstuk om te ruil omdat dit nie pas by 'n Christelike lewenstyl nie.

Passend...

Goeie klere is passende klere. Dit beklemtoon jou Christelike identiteit. Klere maak die vrou en beskerm die man. Dink na oor waarnatoe jy gaan en sorg dat jou klere daarby pas. Die kollege is nie die strand nie en die kerk is geen kampeerplek nie, dus trek jy jouself anders aan as jy soontoe gaan. Ook op warm dae behoort ons passend gekleed te wees. Dit is werklikwaar beskamend as bv. katkisante huis toe gestuur sal moet word met die boodskap: gaan trek eers ordentlike klere aan. Dan staan die wêreld van die opvoeding op sy kop. Maar as dit nodig is, moet dit gedoen word! Dit is paslik om saam mekaar aan te spreek (tuis, in die kerk, by die Bybelstudie of waar ook al) op o.a. ons kleredrag. Laat ons daarin ook konsekwent wees.

Klere

Om as Christen en jongmens goed gekleed te wees, is 'n stryd. Laat ons mekaar in hierdie stryd ondersteun: jonk en oud. Dit is 'n stryd met 'n heerlike einde: ons is mos op pad na die bruilof van die Lam. En bruilofsgaste is goed gekleed en blymoedig op pad.

Die Koolstof-14 dateringsmetode

C Saayman

(Soos verlede maand belowe, volg hiermee 'n opvolgartikel op die vorige artikel wat gehandel het oor evolusie en die Bybel).

Daar bly egter één saak wat Skrifbehoudende Christene altyd benoud maak: die daterings wat evolusionistiese wetenskaplikes op byvoorbeeld

**Daar is slegs een mens
wat nie deur God vergewe kan word nie.
Daardie mens wat weier om na Hom te kom vir vergifnis.**

fossiele toepas. Die Skrif leer 'n jong aarde (wat maksimum 10 000 jaar oud is) wat in ongeveer 4400 jaar gelede totaal vergaan het deur water en daarna weer herbevolk is. Hierteenoor teoretiseer die evolusioniste dat die aarde ongeveer 4 miljoen jaar oud is. Met behulp van Koolstof-14 dateringsmetodes, word fossiele as derduisende jare (tot 80 000) oud, dateer. Dit laat Skrifbehoudende Christene in onsekerheid. Dit laat mense glo dat die Bybel finaal verkeerd bewys is en dat wetenskap seëvier. Sommige Christene voel om die Bybel te herinterpreteer om die Bybel met die wetenskap te versoen.

Wat uit die oog verloor word (en wat niemand sal vermeld nie), is dat die Koolstof-14-metode gegrond is op 'n onbetroubare aanname.

Die Koolstof-14-metode in 'n neutedop: Koolstof-14 word in die atmosfeer vervaardig deur kosmiese strale wat die atmosfeer binnedring en met atome in die atmosfeer bots. Te same met Koolstof-12, kombineer Koolstof-14 met suurstof en vorm Koolstofdiksied wat plante binnedring. Die kos wat mens en dier eet, bevat dus die Koolstofdiksied en dus Koolstof-12 en Koolstof-14. Elke lewende entiteit bevat dieselfde verhouding K-14 tot K-12 as wat in die lug is wat ingeasem word. K-14 verval egter baie gou en word afgetakel tot Stikstof-14 terwyl K-12 dieselfde bly. Die aftakelingsproses van K-14 begin die oomblik wanneer - byvoorbeeld - 'n mens sterf. Die hoeveelheid K-12 in die gestorwe liggaam bly dus konstant terwyl die hoeveelheid K-14 onmiddelik begin afneem.

Die Koolstof-14 dateringsmetode mik dus daarop om vas te stel hoeveel K-14 in 'n bepaalde fossiel agtergebly het nadat die K-14 aftakelingsproses begin het. Twee belangrike faktore is belangrik by só 'n proses: a) Hoe vinnig word K-14 afgetakel en b) wat was die hoeveelheid K-14 in die fossiel die tyd toe dit gesterf het. Die tempo van K-14 aftakeling is bekend. Díé tempo word bepaal deur die hoeveelheid tyd wat dit neem vir 50% van die 14 atome in K-14 om te verval ('n half-lewe). Hierdie tydperk is vasgestel op 5730 jaar. Daarvoor bestaan geen meningsverskil nie. Die groot vraag is egter wat die beginhoeveelheid K-14 in die fossiel was tydens sterfte.

Indien hierdie beginhoeveelheid bekend is, kan vasgestel word hoeveel half-lewes (5730jr -siklusse) verbygegaan het. Dit is presies hier waar die knoop lê. Dit is onmoontlik om die beginhoeveelheid vas te stel. Daarom moet daar met 'n *aanname* gewerk word. Dit is dat a) die verhouding tussen K-12 en K-14 in 'n lewende liggaam dieselfde is as in die atmosfeer. b) die verhouding tussen K-12 en K-14 in die atmosfeer is huidiglik *een* K-14 atoom tot *een triljoen* K-12 atome. Die oomblik wanneer 'n organisme sterf, begin hierdie verhouding verander, want K-14 word afgetakel.

Sou 'n mens nie kon sê dat die K-14-dateringsmetode eintlik 'n vriend van die Bybel is nie?

Die kritieke aanname wat gebruik word in K-14-datering het te make met hierdie verhouding tussen K-12 en K-14. Die *aanname is dat die huidige verhouding (een tot een triljoen) deur alle eeue dieselfde gebly het*. Die aanname is dat *die vervaardigingspoed van K-14 in die atmosfeer deur alle eeue dieselfde was as wat dit tans is*. Die aantal K-14 wat in die atmosfeer vervaardig word, moet gelyk wees aan die aantal K-14 wat verwyder word – genoem ekwillibrium. Andersins sal die verhouding K-14 tot K-12 nie konstant bly nie. Indien hierdie aanname korrek is, is alle K-14 datering van fossiele korrek. Indien die aanname onbetroubaar is, is alle daterings wat gedoen word, onbetroubaar. Die deurslaggewende vraag is dus: was die tempo waarteen K-14 tans in die atmosfeer vervaardig word, altyd dieselfde? Wetenskaplikes se aanname is dat dit wél dieselfde was.

Daar bestaan egter ernstige probleme met hierdie aanname veral inaggenome die feit dat die aarde ongeveer 4400 jaar gelede totaal vergaan het volgens die Skrif. Dr. Sean Pittman ('n evolusionis) het in 1984 gesê dat die ekwillibrium in die verhouding tussen K-12 en K-14 in die atmosfeer totaal versteur kan word deur **a)** verskeie langtermyn versteurings in weerstoestande, **b)** groot geologiese gebeure en **c)** katastrofiese veranderinge in die biosfeer! Die vloed waardeur die hele aarde vergaan het, sou al drie hierdie versteurings tot gevolg gehad het.

Hope fills the afflicted soul with such inward joy and consolation,
that it can laugh while tears are in the eye
– sigh and sing all in one breath

- W Gurnall

Selfs wanneer die feit van die vloed ontken word, is daar ander aanduibare faktore wat die vervaardigingstempo van K-14 in die atmosfeer beïnvloed. Die magnetiese veld rondom die aardbol – wat skadelike kosmiese strale weghou – word gaandeweg swakker. Dit het sedert 1845 (toe Carl Gauss vir die eerste keer hiervan begin boekhou het) reeds met 10% verswak. Die magnetiese veld was dus vroeër baie sterker as tans. Dus het minder kosmiese strale die atmosfeer bereik. Dus is minder K-14 vervaardig as wat tans die geval is en sal daterings wat deesdae met K-14 gedoen word, veel ouer vertoon as wat dit in werklikheid is. Voor-vloed daterings kan soveel as 10 maal ouer wees as wat dit in werklikheid is.

In 1997 het 8 wetenskaplikes, bekend as die Rate Group, begin met agtjaar lange navorsing oor die ouderdom van die aarde. Hulle het onder andere 10 van die belangrikste steenkoolvelde in die VSA besoek en monsters van die steenkool geneem. Volgens evolusioniste is hierdie steenkool miljoene jare oud. Hierdie wetenskaplikes het egter meetbare hoeveelhede K-14 in elkeen van die monsters aangetref! Aangesien K-14 se halfleeftyd 5730 jr is, is dit onmoontlik dat daar K-14 in steenkool wat miljoene jare oud is, teenwoordig kan wees. Ná 100 000 jaar sal alle K-14 tot niet wees. 'n Verdere merkwaardige ontdekking wat die Rate Group gemaak het, was die hoeveelheid aanduibare K-14 wat hulle in 12 diamantmonsters aangetref het! Waarom sal K-14 vandag nog in fossiele, steenkool en diamante teenwoordig wees? Is die Bybel dalk reg en is die aarde veel jonger as wat die wetenskap dink dit is? Sou 'n mens nie kon sê dat die K-14-dateringsmetode eintlik 'n vriend van die Bybel is nie?

(NASKRIF: Vir 'n volledige bespreking van die sake wat in hierdie, sowel die vorige lesing bespreek is, besoek gerus die volgende webblad:

<http://evolution-facts.org/Handbook%20TOC.htm>

Gestuur na die wêreld

J van der Linden

Dit bly altyd maar 'n worsteling om ons plek in die wêreld te verstaan. Die een keer hoor ons woorde soos “antitese”: daar is 'n diepe skeiding tussen

Christene en die wêreld. Ander kere word daar gepraat oor christene (ons as kerke) wat meer by die wêreld moet betrokke raak. Ons staan te veel eenkant.

Wat is dit nou? Antitese of solidariteit? Skeiding of betrokke? Of is dit 'n middeweg: 'n bietjie van die een en 'n bietjie van die ander?

As ons wil weet wat ons as christene se posisie in die wêreld is, moet ons begin by wie God is en wat Hy gedoen het.

God en die wêreld

God het sy Seun na *die wêreld* gestuur (Joh. 1:9-10; Joh. 1:29; Joh. 3:16-17; 1 Tim. 2:5, ens). Dikwels maak ons dan te vinnig hiervan: God het sy Seun vir *die gelowiges* gestuur. Asof God met die sending van sy Seun net sy kinders in die oog gehad het. Natuurlik sal die offer van Christus uiteindelik slegs sy kinders in hierdie wêreld tot voordeel strek. Maar God rig Hom baie breër. God soek die wêreld. God verbind Hom aan sy wêreld. Hy doen dit as Skepper en as Herskepper, na die sondeval: Die Skepper van die *hele* wêreld soek in die Herskepping (deur sy Seun) weer die *hele* wêreld op.

So sien ons byvoorbeeld in Joh. 1 hoe God Hom baie breed rig. Nadat genoem word dat die skepping aan Christus verbind word, word daar gepraat dat Christus die lig *van die mense* is (Joh. 1:3-4). In die duisternis van die wêreld kom Christus as lig vir alle mense (Joh. 1:5). Soos wat God in die skepping die lig gegee het vir alle mense, so stuur Hy nou in die herskepping van die wêreld Christus as lig vir alle mense.

God het die hele wêreld in die oog! So ver en wyd strek dit. Maar ook meer as dit: Met sy lig het God die *duisternis* op die oog. God het die volle werklikheid van hierdie wêreld se duisternis op die oog: Elke vorm van ellende en dwaasheid waarin die mens homself kan dompel. So diep en ernstig staan God in die wêreld!

God - Christus - kerk

Met hierdie doel voor oë het God sy Seun na die wêreld gestuur. Op sy beurt, het die Seun vir ons, sy kerk gestuur. Dus, wanneer ons God se bedoeling met Christus sien, leer ons ook ons eie posisie in die

Praat met elkeen wat God u laat ontmoet.
Praat geduldig, indringend, en spreek veral die evangelie
– die waarheid.

- K Schilder

wêreld verstaan. So byvoorbeeld sien ons dat God se kinders die lig van die wêreld genoem word (Matt. 5:14), maar dat dit direk in verband staan met Christus wat as lig in die duisternis kom skyn het (Matt. 4:16).

Om dit so te stel: God rig Hom *met Christus* op alle mense, die hele wêreld – Christus rig Hom *met ons* op alle mense, die hele wêreld. Christus kom skyn Sy lig *in* die duisternis – Christus kom skyn sy lig deur ons (!!) *in* die duisternis.

As ons wil weet wat ons as Christene se posisie in die wêreld is, moet ons begin by wie God is en wat Hy gedoen het.

In die lig hiervan kan ons stel:

Wie wêreldgelykvormig in die wêreld staan, het sy verbinding met Christus opgegee.

Wie met Christus buite die wêreld staan, het sy verbinding met God se bedoeling opgegee.

Wie die eie Christelike karakter (lig) prysgee, het sy krag verloor in die wêreld.

Wie met sy lig onder die maatemmer staan, het sy doel verloor in die wêreld.

As ons dus wil praat oor die verhouding van kerk en wêreld (ons as gelowiges se posisie in die wêreld), dan kan ons nie kerk-gesentreerd of wêreld-gesentreerd of iets tussenin wees nie. Ons kan nooit ons posisie bepaal deur te fokus op die kerk of op die wêreld nie. Slegs wanneer ons Christus-gesentreerd is, word God se bedoeling met ons 'n werklikheid. Want dan kom daar diepe en unieke gemeenskap met die kerk (die volk van Christus!) én 'n ernstige en volhardende opsoek van die wêreld (die gerigtheid van Christus!). Slegs deur in hierdie saak *alle* fokus op die Persoon van Christus te rig, word hierdie spanningsveld van “*in die wêreld, maar nie van die wêreld nie*” opgelos.

Ingevryf in die wêreld

Hoe sterk hierdie gerigtheid op die wêreld moet wees, word duidelik uit die beeld wat die Here Jesus in Matt. 5:13 gebruik: “*Julle is die sout van die aarde*”.

Allereers is dit pragtig om te besef dat sout aan iets smaak gee. Dit wat smaakloos is, verkry smaak deur sout. Juis God se kinders (sout) maak die smakelose wêreld vir God nog die moeite werd! Wat 'n vreugde vir ons Vader dat ons in die wêreld is!

Sout voorkom ook verrotting. Dit voorkom dat alles in die rigting van verderwing beweeg. Dit is behoudend, en in hierdie opsigte gee dit lewe. Wat 'n diens wat ons vir ons Vader mag verrig!

Maar wie kan hier ooit in selftevreedenheid en selfgenoegsaamheid verval? Sout is uiteindelik maar net 'n alledaagse artikel. Opsigself uiters algemeen. Dit het *slegs* waarde in sover dit sy funksie verrig: om volledig *ingevryf* te word. Wanneer dit los staan van alles, verloor dit sy werking. Die sout moet heeltemal inwerk in alles, tussen alles, by alles. Dit beteken: Volledig in ons omgewing ingevryf en betrokke wees!

Die Here Jesus wys met hierdie woorde tog in 'n ander rigting as wat ons byvoorbeeld by die Jode gevind het. Die Jode het gesê dat die *Woord van God* die sout van die aarde is. Maar vir Christus is dit nog te min, te onbetrokke, te staties. Dit is *mense wat deurdrenk is van die evangelie* wat werklik smaak en lewe gee aan die samelewing. God gebruik nie slegs sy Woord vir die wêreld nie, maar die volle mens word ingetrek om God se doel te bereik.

Ons vreemdelingskap kan dan ook nooit inhou dat ons ons *op enige manier* onttrek uit die samelewing nie. Uit 1 Pet. 2:11 e.v. lei ons juis af dat ons vreemdelingskap lê in *onthouding* en *toewyding*: Onthouding van die sonde, toewyding aan God (en so: toewyding aan goeie werke). Op geen manier mag die radikaliteit van hierdie onthouding en toewyding opgegee word nie! Ons krag lê nie daarin om die grense uit te vee, aan te pas of die lig 'n bietjie uit te doof nie. Ons enigste (aantrekkings-) krag lê in ons volledige en onopgeefbare verbinding aan Christus. Dit maak ons vreemdelinge!

Dit beteken juis ook: Ons maak nie 'n breuk met die sondige samelewing nie, maar 'n breuk met die sonde. Ons distansieer ons nie van ons sondige naaste nie, maar van sy sondige lewensweg. Vreemdelingskap is: 'n goeie en skoon lewenswandel *te midde* van 'n krom en verdraaide geslag. Vreemdelingskap is nie iets wat iewers in 'n

Some people think God does not like to be troubled with our constant coming and asking.

The way to trouble God is not to come at all.

- DL Moody

hoek gebeur nie. Dit is 'n saak wat die wêreld moet opval: Hierdie mense is anders, vreemd! Hulle kom uit 'n ander "wêreld".

Vryblywend?

In die lig van bostaande kan hierdie gerigtheid op die wêreld nie 'n vryblywende saak word nie. Kyk hoe ernstig is juis die tweede deel van Matt. 5:13! "... *maar as die sout laf geword het, waarmee sal dit gesout word? Dit deug nêrens meer voor as om buite gegooi en deur die mense vertrap te word nie*".

In dié konteks gaan dit natuurlik oor die verbondsvolk Israel, vandag kan ons dit ook deurtrek op die kerk. 'n Volk wat sy krag as sout verloor het (deur laf te word, en/of deur nie meer ingevryf in die deeg te wees nie), het sy waarde verloor. Vertrap! Die konsekwensies van 'n lewe waar die sout sy waarde verloor het, is skrikwekkend! Daar is dus 'n ernstige skadukant wanneer ons ons posisie en lewe nie laat bepaal deur Christus nie.

Rig u volledig op Christus, en u posisie en lewe as Christen in die wêreld val verseker volledig in plek. Rig u op u self, die kerk of die wêreld, en u sal verseker u doel mis – met die gevolge wat hieraan verbind word. Vlug dan na Christus as u enigste en volkome Verlosser, ook in hierdie saak!

Let op die genade

Ons mag dus nooit die saak prysgee waarvoor God sy Seun gestuur het nie – nie die gerigtheid op die wêreld nie, en ook nie die volledige heiliging van ons lewe nie. Duidelik 'n *lig*, maar dan ook 'n *lig in die duisternis*.

Ons mag vir alle mense sigbaar maak wat die werklike onderskeid is tussen kerk en wêreld: God wat Hom in sy genade aan ons verbind het. Vader se groot liefde en genade; Sy ope arms waarmee Hy uitsien na die gemeenskap met sondaars; Sy versorging, doodgewoon omdat Hy ons so ontsettend liefhet; Ons Verlosser se totale selfverloëning vir slegte mense soos ons; Sy radikale keuse om arm te word, sodat ons lewe oorvloediglik ryk kan wees; Sy lewe wat Hy afgestaan het vir mense wat sy vyande was; Ons

Trooster se enorme geduld met mense soos ek wat elke keer weer probeer om myself te help, myself te regverdig, my eie kop te volg; Sy wil om tussen diep ellendige sondaars te woon, om vrede en rus en vreugde te bring, deur die oë en harte na die Vader en Seun in die hemel te rig.

Die sout moet heeltemal inwerk in alles. Dit beteken: Volledig in ons omgewing ingevryf en betrokke wees!

Ons het geen woord om oor onself te sê nie. As dit gaan oor die onderskeid tussen kerk en wêreld: Let op God en sy genade!

Juis omdat ons gesien het hoe hierdie Drie-enige God *so* in ons lewe gekom het, weet ons ook *hoe* om met sy genade in hierdie wêreld teenoor ander sondaars te staan. Juis omdat ons weet hoe groot die prys is wat God betaal het vir hierdie genade, kan ons nie meer swyg nie. Ons móét uitdeel, aanhoudend, volhardend - maar ons móét ook reageer wanneer dit vertrap word. Juis daardeur wys ons hoe diep en ernstig God Hom met die duisternis bemoei! So diep en ernstig dat daar geen middeweg moontlik is nie...

Laaste fase van die bouwerk (Nehemia 6)

C van den Berg

Kort situasieskets

Altyd probleme. Wanneer gaan dit 'n slag ophou? Wanneer kan 'n mens sonder stres werk? Spanning as gevolg van mense uit eie kring. Spanning as gevolg van buitestaanders. Daar is altyd iets. Sodra jy met iets moois besig is, ondervind jy teëspoed. Waarom lei die Here dit so? Waarom maak Hy nie die bouery een groot fees nie?

Om eerlik te wees, dit gebeur altyd so. Dit lyk asof dit so hoort. Die hele bouery word daardeur gekenmerk. By die aanvang van die projek begin dit al, reeds by die planne. Neh. 2:19,20 – die omstanders sê: "...*julle wil in opstand kom teen die*

Die rede waarom die Christelike geloof die beste vriend van die owerheid is, is omdat dit die enigste godsdiens is waardeur die hart verander word.

- Thomas Jefferson

koning.” Later word die weerstand heftiger (4:1). Die vyand word woedend as hulle hoor dat die bouery regtig begin het. Lelike en neerhalende opmerkings word gemaak. Daar word selfs `n sameswering gesmee - wanneer woorde misluk, probeer hulle geweld.

`n Mens hoor wapenrumoer. Breek af die mure! Verwyder die stad van God! Vanaf daardie oomblik word daar gewapend gewerk, gereedskap in die een en wapen in die ander hand.

Dit is opvallend dat die bouwerk so verloop het! So gaan dit in die buitewêreld. Hulle soek nie `n nuwe Jerusalem nie. Hulle soek nie `n stad van God nie. Daar is geen plek vir God nie. Geen plek in Sy eie wêreld nie. Die vyande probeer alles in hul vermoë om die nuwe Jerusalem te keer.

Die bouwerk kom in sy laaste fase. Weereens teëstand, tot aan die einde toe. Verset teen God en Sy stad. Gedrewe deur haat, duiwelse haat!

Nuwe weerstand van buite (vers 1-2)

Sanballat, Tobia en Gesem – hulle word aldie genoem. Sanballat (die stadhouer van Samaria) in die Noorde, in die Ooste Tobia (sy opsigter in Ammon) en in Arabië woon Gesem (sy opsigter in Arabië). Daar is selfs nog baie meer van hulle – “*en ons ander vyande.*”

Hulle het gehoor dat die mure klaar is en dat net die poorte nog ontbreek. Dit is die finale fase, die laaste kans vir die vyande. Hulle gryp die kans aan. `n Afgesant word na Nehemia toe gestuur met die boodskap: Laat ons êrens, op neutrale plek, bymekaar kom. Daar kan ons met mekaar gesels en dalk `n ooreenkoms bereik.

Dit is standaard praktyk wanneer twee partye verskil, dan sit `n mens om `n tafel en praat die ding uit. Wanneer jy nie daarvoor te vinde is nie, dan is jy die onredelike een. Om met mekaar te praat, is mos die minste wat jy kan doen.

Wees eerlik: sal jy `n gesprek afwys as dit van jou gevra word? Ook al is die gesprek met `n ongelowige, moontlik selfs `n vyand? Jy moet altyd bereid wees tot verantwoording (1 Pet. 3:15)! Wat is verkeerd met praat?

Tog hang dit heeltemal af van wie jou gespreksgenoot is. Dit hang ook af van wat sy/haar bedoelings is. Wil die persoon regtig praat of jou uitvang en belaglik maak? Neem hulle ernstig op wat jy sê of nie?

By Nehemia is dit baie erger. Sy teëstanders stel `n leuen voor, hulle het `n verskuilde agenda. Hulle wil nie met hom praat nie, maar is daar oor `n heel ander rede. Die plan is om hom uit die weg te ruim. `n Aanslag op sy lewe word beplan.

Nehemia se antwoord (vers 3)

Nehemia kyk deur hul slinkse planne. Baie slim nê, dit is wat `n mens sal dink. Ons kan ook sê: God het sy oë geopen, sodat hy deur hulle kon sien en agterkom wat hulle planne is.

Onderskeidingsvermoë is `n groot gawe van God. `n Mens leer om woorde te kan weeg en ook die mense wat hul uiter. Die moed wat dit verg, om die oënskynlik vriendelike versoek te weier, is ook `n gawe van Bo.

Nehemia kom met `n goeie argument. Hy verwys nie na hulle lelike planne en slegte bedoelings nie. Hy val hulle as persone nie aan nie. Sy werk wat hy doen, is sy argument. Sy werk kom eerste. Die bouery moet voortgaan, sonder onderbreking.

Die vyande probeer meer as eenmaal. Vier maal word die versoek gerig. `n Mens sal moeg word wanneer jy soveel keer genader word. Uiteindelik sal `n mens toegee. Nie Nehemia nie, hy het nê gesê en staan daarby. Telkens moet hy die daad by die woord voeg. Aangaan en vasbyt - om te kies is een ding, maar om vol te hou is iets heeltemal anders.

`n Ope brief (vers 5-7)

Die vyande kom vir `n vyfde maal, nogal met `n brief wat nie verseël is nie. Die bedoeling van `n ope brief is duidelik – almal kan dit lees. Meer mense raak bewus van die inhoud, dit word algemene kennis. Almal moet weet: dit is die doel van `n ope brief.

In die brief word Nehemia `n rebel genoem, `n opstandeling, hy wil koning word van Jerusalem. Nie agterlangs nie, maar nogal openlik, selfs met die

Prayer is a wartime walkie talkie for spiritual warfare, not a domestic intercom to increase the comforts of the saints.

- J Piper

hulp van God se profete. Mense wat geloofwaardigheid het; God het gesprek, Nehemia word koning en dit is soos God dit wil hê. Die gerug doen die rondte en vers 6 noem dat dit ook nog bevestig word. Wat is die gevolgtrekking van die mense? Almal sê dieselfde, dus sal dit waar wees. Die nuus sal definitief by die hof in Susan ook aankom. Wanneer dit gebeur, kan Nehemia sy tassies pak. Vir rebelle is daar geen liefde nie. Dit sal sy einde beteken en die einde van Jerusalem se mure.

Die vyfde maal probeer hulle hom bang maak en om sy naam te beswadder. Wat sal gebeur as 'n afskrif van die brief in Susan aankom? Die soort dinge laat jou nie koud nie. Dit vreet aan jou moed en vertrou. Vier maal 'n vriendelike versoek en dan 'n dreigbrief.

Nehemia se reaksie (vers 8-9)

Wat is Nehemia se reaksie hierop? Aan die einde van vers 9 staan dit: *“Versterk dan nou my hande!”*

'n Gebed – kort, maar kragtig. Nehemia dink nie hy kan alles self regdoek nie. Hy kan dit regtig nie self doen nie. God moet help, die een wat bid; vra. Dit waarvoor jy vra, het jy nie self nie. In hoofstuk 1 begin Nehemia met bid, hy is nog voortdurend daarmee besig. As die Here nie help en bou nie, gaan Jerusalem nie klaarkom nie. Die Here self moet dit doen, dan is daar nut in harde werk (Ps. 127).

Bid en werk. Jou hande moet besig wees. Nehemia bid vir sterk hande – om nie met werklose hande te wag nie. Werk saam met God.

Die vyand wil graag werklose hande sien, die bouery moet gestaak word. God gee sterk hande as antwoord op Nehemia se gebed. Die bouery gaan voort, met elkeen op sy plek. Elkeen met sy gawes - soos onderskeidingsvermoë, moed en volharding.

Verraad deur broeders (vers 10)

Die vyande hou nooit op nie. Vyf pogings en nog is dit die einde nie. Nog 'n ander manier word probeer. Semaja is 'n profeet. Hy bring 'n boodskap van God af. (Of so word aangeneem, omdat hy 'n profeet is, dus 'n boodskapper van God.) Dus...

Hy is nie die enigste profeet nie. Verderaan lees ons van die profetes, Noadja. Saam met hulle 'n hele groep profete. Die boodskap word duidelik bevestig. As twee of drie profete dit sê, dan móét dit die waarheid wees. Hoe begin die meeste profete? *“Die Here sê”* - wie sal dan die teenoorgestelde durf beweer, dan gaan jy teen God in? So benader die vyande Nehemia hierdie keer. Deur middel van sy eie mense, deur profete ook nog. Dit is baie verraderlik.

Verbeel jou, mense wat saam met jou in die gemeente is en dit probeer afbreek. Nogal mense uit julle midde, miskien selfs iemand op die preekstoel. 'n Boodskap wat jou op die verkeerde spoor kan sit. Dit is baie verraderlik.

Die gebeure is opsetlik. Semaja het homself laat omkoop. Verskriklik dat geld so 'n invloed kan uitoefen. Nogal by inwoners van Jerusalem – kerkmense, selfs by profete. Vriende word onmiddellik vyande.

Leuen as waarheid voorgegee

Die kwade kan selfs by die bring van 'n boodskap van God insluip, by so 'n belangrike en beslissende punt. Dit maak baie seer. Soekend na die lig vir jou weg, ontvang jy 'n dwaallig, in die donker kan dit jou laat verongeluk. Die duiwel as engel van die Lig. Leuen in die gewaad van waarheid.

Die boodskap van Semaja is baie misleidend. Nehemia moet saam met Semaja vlug. Vyande wil hom doodmaak. Volgens Semaja is daar 'n aanslag op hom ook beplan. Dit skep die indruk dat Semaja aan Nehemia se kant is. Hoekom sou die vyande hom ook van kant wou maak? Blykbaar is hy ook teen hulle gekant. 'n Rede om die man te vertrou.

Dit is so laag en verraderlik. Die gevaar waarvan Semaja praat is wesenlik. Nehemia het vyande, binne sowel as buite die stad. Nehemia is bewus daarvan – Tobia se familie woon in Jerusalem (vers 17 en 18).

Die situasie lyk so ernstig, daar is slegs één veilige plek. Kom, laat ons saam na die tempel vlug, sê Semaja. By die Here in Sy huis, in die Heilige gaan skuil. Niemand sal hom daar soek nie – net die priesters mag mos daar kom. Daar is

Toleration is the grave of reformation.
By toleration we adopt other men's sins,
and make them our own.

- T Watson

veiligheid. Nooit sal iemand in die huis van God binnedring nie.

Nehemia se reaksie (vers 11)

Nehemia sien dwarsdeur die duiwelse plan. Opnuut 'n geskenk van God! 'n Mens sou maklik in die strik trap, deur die boodskap van die profeet om saam te skuil by God in Sy Tempel. Nehemia deursien dit. Hy mag nie in die tempel ingaan nie. Hy is nie 'n priester nie. Daar is miskien nog 'n rede – Nehemia is waarskynlik 'n ontmande hofdienaar (Deut. 23:1 en Jes. 56). Vir hulle is die tempel ontoeganklik.

Ons weet nie wat die ware rede was nie. Vir alle onbevoegdes wat by die tempel ingaan, geld die doodstraf (Num 18:7). Eers bang maak en dan probeer om tot sonde te verlei. Geen middel word onbeproof gelaat om Nehemia te laat misluk nie.

Nehemia se reaksie? Wat maak mens met verraaiers? Wat maak 'n mens met valse profete? Indien iemand die doodstraf verdien het, dan is dit hierdie mense! Nehemia bring dit voor God. Alles word in Sy hande gelaat. Hierdie saak mag nie bly bestaan nie – dit moet beantwoord word. 'n Eerlike en opregte antwoord. Daar is Een wat suiwer en reg weeg. Daar is Een wat die regte straf bepaal. God kom die wraak toe. Hy sal vergeld. Hy vergeld elkeen na sy werk. Op Sy tyd en wyse. Later definitief, vir altyd en ewig.

Die laaste oordeel het 'n element van wraak. 'n Groot bevryding vir diegene wat God vrees en vertrou, maar 'n ondergang vir diegene wat deur satan mislei word.

Danksy God word bouwerk voltooi (15-16)

'n Wonderwerk – Jerusalem is in 52 dae voltooi. Dit is besonder vinnig, ongeveer sewe weke. Wanneer soveel mense saamwerk, kan baie dinge gebeur. Elkeen werk aan 'n stuk van die muur naby waar hy woon. Sáám kan baie dinge vermag word. Hul sê: Eendrag maak mag.

Dit was egter nie die knelpunt nie. Baie mooi dinge het daar gebeur; oud en jonk, seuns en dogters, skouer aan skouer het hulle aan die muur gewerk. Wonderlik. Daar was ook pynlike teleurstellings. Ellende en hartseer. Alles behalwe

volmaakte gelowiges. Mense wat kwesbaar, swak en vol sonde is. Wat was die beslissende faktor? God! Hy bou. Ps. 127:1, 2: *“As die HERE die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou; as die HERE die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter. Tevergeefs dat julle vroeg opstaan, laat opbly, brood van smarte eet - net so goed gee Hy dit aan sy beminde in die slaap!”*

God bou. Van begin tot einde. God bou, terwyl mense met die vyand saamspan. God bou deur teenslag en aanslag. God bou deur mense wat Hy verlig met Sy Gees. God bou deur mense wat deur Hom trou gemaak is, sonder om handdoek in te gooi of weg te loop. God bou deur mense wat tot Hom vlug en in Sy arms beskerming soek. God bou deur mense wat om hulp roep en vir sterk hande vra.

Vyande erken God (vers 16)

Die bou van die nuwe Jerusalem is God se werk. Almal sien dit raak (vers 16): *“En toe al ons vyande dit hoor, het al die nasies rondom ons bevrees geword en neerslagtig gevoel, en hulle het erken dat hierdie werk deur onse God gedoen is.”*

Ons sien dit meermale in die Bybel – byvoorbeeld by die bevryding uit Egipte. So gaan dit by wat God doen. Al gaan dit dalk nie van harte nie, maar dit word erken: dit is God se werk. Niemand kan dit betwis nie. Wanneer die hemelse Jerusalem gereed is, sal dit net so gebeur. Wanneer God Sy kinders uit alle volke geroep het – dan kan die hele wêreld sien Wie die Argitek, Aannemer en Bouer van Jerusalem is. God self in Christus (Heb. 11:10). Elke knie sal buig – uit alle monde sal klink: Dit is God se werk.

'n Groot voorreg om saam aan die nuwe Jerusalem te mag bou. God stel elkeen se samewerking op prys, elkeen op sy plek. Die bouwerk verloop nie sonder teëstand nie. Wanneer jy nie bou nie, sal jy dit nie agterkom nie. Diegene wat bou ondervind dit telkens weer: Hou moed! Dit geld altyd. Die nuwe Jerusalem is aan die kom! Sekerlik, want dit is God se stad. Met God se hulp bou jy daaraan. Almal sal dit erken, die hele wêreld. Dit is God se kerk. Die saak van God se Seun in eie persoon.

The first and principal duty of a pastor
is to feed the flock
by diligently preaching of the Word.

- John Owen